



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inougurele rede, nr. 80

**REGSTEORIE IN PRAKTYK, REGSPRAK-
TYK IN TEORIE EN REGSOPLEIDING**

Lourens M. du Plessis

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
Potchefstroom
1981

REGSTEORIE IN PRAKTYK, REGSPRAKTYK IN TEORIE EN REGSOPLEIDING

Lourens M. du Plessis

“Those who speak with sense must rely on what is common to all, as the city must rely on its law, and with much greater reliance: for all the laws of men are nourished by one law, the divine law; for it has as much power as it wishes and is sufficient for all and is still left over” (Herakleitos, *Fragment* 114; vertaling van Kirk (red.) 1962).

“Hy wat deur die geloof geregtigheid verkry het, sal lewe” (Romeine 1:17b; vgl. ook Habakuk 2:4).

1. Die decor: Boheme... en 'n byderwetse hansworshandel?

Volgens oorlewing was 'n vervloë Boheme die middelpunt van 'n tegelyk florerende én grusame hansworsbedryf (Sartre, 1962:31 en Popma, 1969:16). Klein kindertjies van so om en by twee jaar oud is, nadat hulle lippe oopgeklouf en hulle skedels saamgeknip is, in vyftig sentimeter lange kissies met kleinerige in- en uitlaatopeninge toegespyker. Na nagenoeg twintig jaar is die kissies gewoonlik ooggemaak. Klein, onbeholpe gedroggies het te voorskyn getree, en hierdie pseudomensies is ten duurste as hansworsies verkoop. Mense — “net 'n bietjie minder as hemelse wesens ... en ... met aansien en eer gekroon” (Psalm 8:6) — met ... 'n geldwaardel! Mense wat, so is gedink, iets beteken, omdat hulle so volkome, so afgrysiglik amusant volkome, gedeformeer en vermink is!

'n Dawid van ouds het die gawe van reg en geregtigheid met “die môrelig by sonsopgang” vergelyk (II Samuel 23:4). 'n Hoog geroemde Salomo het dit as *die wysheid by uitnemendheid* verkies (I Konings 3:9). 'n Gelowig skerpsinnige Jean Calvin (*Sermons sur le Deuteronomie* 16:18-19) het dit as “'n bewys van die genade van God” ervaar. Waarom, vra u tereg, moet ék my intreerede as hoogleraar in die filosofie van die reg en van geregtigheid aan 'n Christelike universiteit met 'n makabere hansworsverhaaltjie — waar-skyklik selfs 'n -mitetjie — begin?

Tereg vrees u dalk, om my onthalwe, dat 'n aanvanklike mineurstemming die *saak* wat ek wil stel, kan benadeel. Onthou asseblief egter — ten minste ter versagting — dat regsgeleerdes graag aanvanklik swak sake stel ten einde hulle oortuigingsvermoë te beproef. My *saak*, glo ek, is lewensbelangrik vir die regswetenskap as *wakwetenskap* en vir die regsfilosofie as *wakfilosofie*, want dit raak die toekoms van aspirant-juriste as *regsgeleerdes*. Sekerlik sal ons regskultuur en -erfenis, so glo ons altans, vir 'n ongekamofleerde en ongetemperde hansworsery in regsopleiding geen ruimte laat nie. Dieselfde kultuur en erfenis kan egter onder die druk van omstandighede verloop, en dít wat dan daarvan behoue sal bly, kan ons dalk dwing om gekamofleerde en gesofistikeerde vorme van hansworsery by noodwendige implikasie te veroorloof — en selfs blindelings te akklameer. My vrese, wil ek eerbiedig aan die hand doen, is ongelukkig nie ongegrond nie.

Die tintelende towerformule, vooruitgang — tegnologies, professioneel, ja, op haas elke gebied van ons komplekse lewensbestaan — is 'n dwingende appèl op dít wat aan universiteite en in regsfakulteite gebeur of, liever, (so word gesê) behoort te gebeur. Die praktyk soek die “regte” mense. Universiteite en regsfakulteite moet hulle teen 'n aansienlike tempo verskaf. En in die sinlose wedloop, die harwar, wat in die proses momentum kry, word belaglike pryse aan die hoogste bidders betaal, word instellings vir juristevorming aan professionele werktuigkundiges uitgeveel. Die akademie buig die knie voor 'n Baälswolf in skaapsklere: “eise van die tyd”. Sal regsakademici en regsfakulteite gewillig saamspeel en ewe oogluikend hansworsjurisies aan 'n gretige kopersmark verskaf? Ek stel dit opsetlik kras, maar nie té kras indien 'n mens die dreigende gevaartekens reg sou lees nie.

2. Die gevaartekens — reg gelees?

Ek stip 'n viertal van die gevaartekens as die hoofde van my argument aan:

2.1 Opvattings oor en voorkeure met betrekking tot regsopleiding word uitsluitlik in *idees* omtrent die *merkbaar gevolg* van sodanige opleiding geprojekteer (vgl. die stelling van Peirce, 1965:258). Akademiese regsopleiding beteken slegs iets, so word gemeen, indien die opgeleide student onmiddellik die resultate van sy opleiding in die praktyk kan tentoonstel — en boonop die spel van die praktyk haarfyn volgens die reëls van die praktyk kan speel. “Leer julle studente genoeg Boekhou”, dring sommige praktisyns byvoorbeeld aan en motiveer hulle aandrang met die argument dat 'n kennis van Rekeningkunde (en slegs dit?) die professionele regspraktisyn regstreeks ten goede kom (kyk byvoorbeeld Van Blommenstein, 1976, 1979a en 1979b *contra* Morris, 1975:5).

2.2 Die *hoe* van juriswees oorwoeker die *wat*. Die professionele praktisyn moet van slegs die handvaardighede, die knepe van die professie meester wees:

“As with so many other things in life, it is not the *what* but the *how* that matters” (Kernick, 1977:678).

Regsgeleerdheid as “een konst om nae de rechtvaardigheid te leven” (vgl. De Groot, *Inleidinge* 1.1.1) word na die periferie van die professionele regs werklikheid teruggedwing. Dat “the *how* can only matter once the *what* really matters” word in terme van ’n verdraaide waardeskaal nie oorweeg nie. Die hoe op sigself, soos onder andere getransponeer in die tempo waarteen kliëntetjeks die geleerde professionalis se bankrekening styf, is gevolgryk genoeg. Die professie word, vir eie rekening, tot ’n afgetrokke en selfgenoegsame nedersetting georden — ’n meul wat ten alle koste moet bly voortmaal bloot omdat dit nou maar eenmaal begin maal het.

2.3 Die regstudent, die universiteit en die regs fakulteit word die slagoffers van *fabrilisme* (Popma, 1969:8-13). Die pragmaties naïewe aanspraak dat regsopleiding slegs aan sy merkbare gevolge gemeet moet word, word keurig getemper met die eis dat die regs fakulteit van die regstudent ’n vaardige gereedskapmaker, ’n vindingryke “boer met ’n plan” moet maak. Die mens is immers *homo faber* of, soos Benjamin Franklik dit eerlik kru stel, ’n “tool-making animal”. Met sy vryheid en individualiteit as geroepene voor God betaal hierdie gefabriliseerde dier-mens vir die vermoë om die regte werktuig vir die regte praktiese situasie te ontwerp. Is die prokureur wie se boekhouding foutloos en wie se kantooradministrasie onberispelik is, *per se* en per definisie ’n ware juris? Is sy “sukses in die praktyk” te meet aan die gevolgryke wyse waarop hy die duimskroewe van invordering, die tikmasjientoetse van aktevervaardiging en die burokrasiebeswerende hefbome van boedelbereddering hanteer? En die advokaat wat die kunsies van knap kruisondervraging goed onder die knie het, is hy werklik sonder meer ’n pleitbesorger vir reg en geregtigheid... veral indien die etiek van kruisondervraging hom weinig skeel? Dit sal vanselfsprekend dwaas wees om vir die aankweek van ’n *eensydige individualisme* by regstudente en regspraktisyns te pleit. Dit sal egter fataal wees om die vertroeteling van ’n *veelsydige individualiteit* te probeer loënstraf.

’n Universiteit wat van sy studente knaphanidige hanteerders van beroepstegnieke probeer maak, verloop tot ’n multiversiteit. Wat eens ’n geleerdheid was, versplinter tot ’n bloot administratiewe saambundeling van tegniekgenererende beroepskole — ’n klomp “praktykies-in-abstracto”. “Universiteit wees” word die noodsaaklikerwys burokratiese organisasie van onderling mededingende professionele koninkrykies. Die interdisipli-

nêre eenheid in verskeidenheid van die wetenskap word ontcrag, want wetenskap is slegs ter sake vir sover dit seksionele beroepsbelange bevredigend dien. Universiteite versuiker dikwels self die sianiedpil van fabrilisme, wat hulle gereed is om te sluk, met allerlei edelluidende pseudo-akademiese argumente:

2.3.1 'n Universiteit is, so word gesê, histories gesien bloot 'n gemeenskap of *universitas* van mense, van leermeesters en studente, en nie tegelykertyd ook 'n *universitas* van wetenskappe nie. Dit gaan dus primêr om die beroepsvorming van die student. Die uitbouing van 'n eenheid in die verskeidenheid van wetenskappe is, net soos navorsing, sekondêr. Presies só erg formeel gesproke, is daar egter heelwat ander "instellings" wat ewe goed as *universitates* kwalifiseer: 'n vakbond as 'n "gemeenskap" van werkendes en stakendes; 'n lawaaierige samekoms van drinkebroers as 'n "gemeenskap" van beskonkenes en versonkenes; 'n diewehool as 'n "gemeenskap" van stellers en helers; 'n bordeel as 'n "gemeenskap" van wellustige kopers en geldlustige verkoopsters.

2.3.2 Toekomsprojeksies dui glo daarop dat slegs toegewings aan die eise van fabrilisme die voortbestaan en toekomstige welwese van 'n gesonde monetêre spysverteringskanaal aan die universiteit sal kan verseker. Wat andersins waardevolle rigtingpeilers met die oog op 'n toekomsstrategie kan wees, ontaard in dartelende verleidsters by uitnemendheid. Indien toekomsprojeksies daarop sou dui dat sekularisme wat vinnig aan 't toeneem is, die gebruik van predikante oor etlike jare oorbodig sal maak, moet die universiteit dan maar sy teologiese opleiding afplaat? Moet hy nie juis eerder méér predikante oplei om die bedreiging van sekularisme te help bestry nie? *Mutatis mutandis*, indien toekomsprojeksies op die komende voldongenheid van fabrilistiese eise dui, moet die (veral Christelike) universiteit nie nou reeds die swaard van die wetenskap trek om die naderende monster te onthoof nie?

2.3.3 "Die universiteit lewer 'n diens aan die gemeenskap, aan land en aan volk, deur goeie landsburgers en -burgeresse te help kweek", word gesê. As die gemeenskap (bedoelende staat en volk) dus metodemakers soek, moet die universiteit hulle verskaf. Maar vorm die universiteit werklik net staatsburgers en -burgeresse? Is hy by uitnemendheid 'n instelling in diens van die volk — die "eie mense"? Moet hy nie eerder, na die eise van sy eie aard, die veelkleurige verskeidenheid in die institusionele eenheid van én staatsburgerskap én volkskap én gesinskap én professionele kameraadskap én kerklidmaatskap as sosiaal-akademies-opvoedkundige rigpunt voor oë hou nie? Die soewereiniteit in eie kring van die universiteit sowel as ander samelewingsinstellings is hier op die spel. En as die gemeenskap of die volk of

wie ook al met die eise wat hulle aan die universiteit stel, die beginsel van soewereiniteit in eie kring verkrag, dan het die universiteit ongetwyfeld die dure plig om die gemeenskap en die volk maar veral ook sy studente tot institusionele volwassenheid op te voed — dít eerder as om die knie voor absolutistiese, institusionele eenogigheid te buig.

2.4 Die eensydige eis dat die akademie praktyksonthelwe “die moeite werd” moet wees, wreck hom dikwels in die *vervlakking van ’n praktyk* wat van die onderbou van ’n gedeë akademiese diepgang verstoke is. Anders gesê: ’n oppervlakkige praktyk, in sy konkrete leegheid, kan vir teorievorming irrelevant word. Nadenke en besinning oor fundamentele kwelvrae in die reg word uitsluitlik op die brood van regsakademici — “wat in ieder geval genoeg tyd daarvoor het” — gebotter. Akademici en praktisyns bemoei hulle in feite met twee totaal verskillende regs werklikhede. Só word hulle teenstanders, nie medewerkers nie; kwelsugtige antagoniste wat mekaar wedersyds met eise bedreig en nie geleerd vriendelike protagoniste wat die belange van reg en geregtigheid as sodanig op die kliptafels van hulle harte geskryf het nie. .

Veelal aangehaal en goed bekend — en dít weliswaar nie ten onregte nie — is voorbeelde van hoe die regswetenskap tot fondament- en bodemlose abstraksie(s) kan vervlugtig. Te dikwels word gerieflikheidshalwe egter vergeet van voorbeelde hoedat die regspraktyk onder ’n skyn van vernamheid kan vervlak. Onder hierdie skyn is “die manier waarop die ding in die praktyk gedoen word”, nie altyd die uiteraard “regte” of selfs doeltreffendste manier nie. Ek noem slegs twee sprekende voorbeelde:

2.4.1 A dagvaar vir B in die Hooggeregshof, en B gee vir C, sy prokureur, opdrag om die aksie te verdedig. Reël 7(2) van die *Hooggeregshofreëls* vereis dat die kennisgewing van B se voorneme om die aksie te verdedig — ’n kennisgewing wat C by die Griffier liasseer — vergesel moet gaan van ’n prokurasie of volmag aan C om die aksie te verdedig. Volgens die duidelike en eenvoudige taal van reël 7(2) sou hierdie prokurasie gewoon só kon lyk: “Ek, B, stel C aan om hierdie aksie namens my te verdedig”.

Ex consequentibus geïnterpreteer (en dít is die regsgeldige ekstentiewe interpretasie van die prokurasie) sê die formulering hierbo dat C die aksie namens B kan verdedig en alles wat in verband daarmee nodig is, kan doen. In die praktyk baar die eenvoudige formulering hierbo dikwels egter vele woorde. ’n Gangbare voorbeeld:

“Ek, die ondergetekende, B, benoem en stel hierby aan C met mag van substitusie om my wettige gemagtigde en agent te wees om namens my en ten my behoeve te v e r s k y n v o o r d i e b o g e n o e m d e

Agbare Hof, of waar dit ook elders nodig mag wees, en dan en aldaar as my verteenwoordiger verskyning aan te teken en die aksie te verdedig wat bovermelde Eiser teen die Verweerder ingestel het in hierdie Agbare Hof vir die regshulp soos meer ten volle sal blyk uit die saamgestelde Dagvaarding wat in die aksie uitgereik is en verder, om met sodanige regsgeding voort te gaan tot die uiteindelijke beslissing daarvan, en Appèl aan te teken teen enige uitspraak of bevel wat die Agbare Hof in die geding teen die Verweerder mag maak en daarmee voort te gaan tot die uiteindelijke beslissing daarvan, en om enige teeneis of derdeparty prosedure in te stel, en verder ook om in hierdie geding enige aansoek na die Agbare Hof te bring om die Eiser te verplig om gehoor te gee aan die Reëls van die Agbare Hof soos en wanneer dit nodig mag wees in die gemelde Prokureurs se diskresie; alle fooie van advokate en getuies te betaal; alle en enige betalings hoegenaamd te maak wat nodig en wenslik mag wees vir die behoorlike waarneming van die saak; dié tot die einde voort te sit; en in die algemeen vir die voormelde doeleindes te doen en te laat doen wat vereis mag word net so vol en kragtlik in alle opsigte, as B self kon doen, as B persoonlik teenwoordig was en daarin gehandel het; hierby bekragtig, keur B goed en beloof en verbind hom om te bekragtig en goed te keur alles wat sy gesegde gemagtigde en agent wettiglik sal doen of laat doen kragtens hierdie volmag". (Oorgeneem uit 'n werklike voorbeeld sonder enige veranderinge hoegenaamd.)

En ten besluite van hierdie woordevloed:

"Aldus gedaan en geteken te Potchefstroom op hierdie 13de dag van Maart 1981 in teenwoordigheid van die ondergetekende getuies".

Potensieel het C vir B, met 'n vernaam klinkende en lomp geformuleerde prokurasie, ernstige probleme geskep. Die formulering hierbo verwys na 'n hele aantal volmagte. Dié volmag wat reël 7(2) in gedagte het, word gruwelik vereng. *Inclusio unius est alterius exclusio*, kan regsgeldiglik geargumenteer word. Die prokurasie is dus slegs 'n volmag ten aansien van dít wat eksplisiet genoem word. Ander moontlike handeling wat vir die verdediging van die aksie nodig mag wees, is uitgesluit — dít terwyl 'n formulering van een enkele reëltjie dít kan insluit!

2.4.2 'n Landdroshof kan, ingevolge artikel 48 van die *Wet op Landdroshowe*, 32 van 1944, die volgende vonnisse gee:

- (i) Vonnis ten gunste van die eiser.
- (ii) Vonnis ten gunste van die verweerder.
- (iii) Absolusie van die instansie.
- (iv) 'n Billike vonnis met betrekking tot koste.

X ('n eiser) dagvaar Y ('n verweerder) in die landdroshof. In sy dagvaarding sit X (soos vereis) die gronde waarop sy aksie gebaseer is, uiteen en vra die hof vir vonnis en koste ten gunste van homself. Y sit die gronde vir sy verweer in sy verweerskrif uiteen. Volgens hom bestaan daar geen grond vir die welslae van X se aksie nie, en daarom verlang hy (soos dit in die spreektaal gestel word) dat die hof die saak teen X sal uitwys en 'n bevel sal gee wat sal verseker dat X nie weer dieselfde aksie teen hom kan instel nie. Y se geleerde prokureur formuleer die smeekbede in Y se verweerskrif op die prakties aanvaarbare manier:

“Weshalwe smeeek die verweerder dat die eiser se eis van die hand gewys word met koste”.

Dat die arme Y “weshalwe” moet “smeeek” om dít waarop hy in ieder geval meen dat hy geregtig is, is op sigself al enigermate verdag. Hy kan mos maar net “derhalwe” of “gevolglik” “vra” of, liewer, “vorder”. Met al die gesmekery is boonop vergeet wat Y in werklikheid verlang. Want presies dít wat hy allermins verlang, is wat gevra word: “Wys X se eis van die hand”, beteken, in terme van die moontlikhede wat artikel 48 bied: “Gee absolusie van die instansie”. Doen die hof wat in die smeekbede van Y se verweerskrif gevra word, is die skuldoorsaak nie *res judicata* nie maar nog steeds 'n aksiegrond. 'n Smeekbede wat reflekteer wat Y werklik vorder, sou só gelyk het:

“Derhalwe vorder die verweerder:

- (i) vonnis in sy guns;
- (ii) dat die eiser al die koste van die geding betaal”.

Wetenskaplike snuffelary kan inderdaad soms allerlei regspraktiese lomp-hede en selfs prakties aanvaarde juridiese onwerklikhede blootlê. Die manier waarop iets in feite in die praktyk gedoen word, is nie sonder meer reg nie. Die praktyk kan vir die “waarheid” van die wetenskap onbelangrik word! In 5.3.2 hieronder kom ek — in 'n ietwat ander konteks — enigermate uitvoeriger op hierdie stelling terug.

3. Regsfakulteite in ballingskap ... in ivoortorings?

Gevaar sê: “Vlug!” Gelukkig is dit egter nie al nie. Gevaar sê óók: “Moue oproll!” Ek kies die tweede moontlikheid. G.W.F. Hegel (*Grundlinien*: XIX) het, voor die *aanslae* van die praktyk, die redelike (*qua* teoretiese) tot die alleen werklike verhef en die werklike, in sy konkrete volheid, aan die regering van slegs die redelike onderwerp. Self is ek egter van mening dat begripsvorming in die wetenskap op ’n vol en konkrete voorwetenskaplike kenne — dit wil sê op *vertrouenskennis* óók in die praktyk berus (Schuurman, 1977:82), sonder dat die een volledig in die ander opgaan. “Koning” en “koninkryk” in die wetenskap is nie dialekties één nie maar wel in hulle relatiwiteit, hulle verganklikheid, dialekties interafhanklik George Cohn (1955) swig weer voor die *verleidinge* van die praktyk en gee die boedel van teorievorming oor aan die “lebendige Wirklichkeit” van regswording in sy onoorsigtelikheid. Hiermee kan ek my eweneens nie verenig nie. Die lewendige regsmerklikheid word immers deur regswaardes getemper, of, liever, gelouter. Nie die “bad man” (soos wat O.W. Holmes (Marke (red.), 1964:43) hom noem), nie die skobbejak of die sosiale skarminkel se “prophecies of what the courts will do in fact” stel die reg in sy teoretiese én praktiese volheid daar nie. Regsdenke is geen per definisie negatiewe poging om deur tradisionele begrippe heen bo die onverkwiklike verstarring van presies daardie selfde begripe te probeer uitkom nie (*contra* Adorno, 1966:25). Ek pleit nie vir ’n ewewig of ’n versoening tussen uiterstes of vir die bewandeling van ’n goue middeweg nie. Ek soek die gesonde geloofsrealisme van nuwe mense in Christus wat in teorie sowel as praktyk saam met die Prediker (3 vers 11) kan bely:

“Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind”.

Hoe teoreties of prakties belangrik enigiets onder die son op ’n gegewe moment ook al mag wees, dit is per definisie relatief en daarom in die denke en in die dade van mense relatiëerbaar. Die momenteel rasonale sowel as die momenteel dwase, die begryplike sowel as die onbegryplike, word deur die diepere, die “mooi” of paslike (*jafê*) heilsgesiedenis van God eindwaarts — na ’n nuwe begin — gedra. Regsteorie en regspraktyk korreleer histories-dinamies op die vlak van die ware Waarheid (en van ’n diepere reg) van waaruit hulle eenmaal in die volheid van ’n nuwe regsmerklikheid tot die harmoniese wasdom van volledige kennis sal ontplooi — en weer “baie goed” of “in orde” (*tôb*) sal wees (vgl. Génesis 1:3). Kortom, die dowwe spieël waardeur regsakademikus sowel as regspraktisyn tans talle raaisels sien (vgl. I Korintiërs 13:13), sal in die put van verganklikheid aan skerwe spat. L.J. du Plessis (1945:34) het dit goed gestel:

“Tye verander en stelsels saam met hulle en ons behoort aan die tyd wat kom”.

'n Kind van die tyd wat kom, kan hom met vrymoedigheid, in geloof, hoop en liefde, vir 'n (symbiotiese) sáámbestaan van dít wat ons tans teorie en praktyk noem, beywer. Maar dan mag wetenskaplike kennis nooit té veel vertrou en die wetenskap en die tegniek nooit oorskat word nie. 'n Gesonde dialektiese relatiewiteit, soos by 'n Jean Calvin (vgl. Doumergue, 1917: 384-7 en Tóth, 1938) is hier gepas: *Kunde en wetenskap is en magtig en onmagtig tegelyk*.

Sowat dertig menseleefte geledede is 'n interessante debat in die geledere van antiek Griekse filosowe gevoer oor die vraag presies hoe magtig en gevolgryk wetenskaplike kennis is. Die Sofiste, berugte swerwers van stad tot stad (Plato, *Protagoras*, 313d), het hulle kundigheid met behulp van die volgende argument probeer verkwansel:

“Om te weet is om te wéét en nie om nié te weet nie; hy wat dus weet, weet alles” (De Vogel, 1968:58).

'n Skeptiese Sokrates wil hierdie pretensie rysmier: 'n Mens is alleen wys, sê hy (Plato, *Apologia Sokrates* 21a en 22c), indien jy weet dat jy nie weet nie, dit wil sê indien jy oor kennis insake jou onkunde beskik. Met so 'n wipplankargument wil Plato egter nie die simptome van 'n sofistiese kennispretensie probeer regdoekter nie. Ware kennis, volgens hom (*Politeia*, boek 7 en 8), is in die wêreld van die *eidè* gegee — in 'n tweede werklikheid (naas die kontingente) waar 'n mens met die kennende oog van jou denksiel ware, vaste en relmatige kennis in klaarheid aanskou. Aristoteles (*Metafisika* 182b) span die sekerhede van kennis-deur-verwondering — met ander woorde wetenskaplike kennis — voor die karretjie van die einste kennis self in. Wetenskaplike kennis het geen intrinsieke praktiese nut of gevolge nie — kennis is gegee ter wille van kennis self.

Kennis, sê August Comte (1896 I:1-6) bykans twee en twintig eeue later, is (steeds?) mag mits 'n mens jou in jou kennisverwerwing en -verwerking by sintuiglik waarneembare feite bepaal. Alle feite is egter nie sintuiglik waarneembaar nie — veral nie die “feite” van die regswetenskap nie (vgl. Von Kirchmann, 1973).

Wat nou gemaak? Moet die juris maar ewe simpatiek 'n Oliver Wendell Holmes (Marke (red.), 1964:81) se pessimistiese skeptisisme beaam:

“Certitude is not the test of certainty. We have been cock-sure of many things that were not so”.

Die werklike oplossing is myns insiens eenvoudiger en beskeidener: *Kennis is nie per se en per definisie mag nie!* Regsakademië en regspraktisyne wat dit nie beseef nie, word slagoffers van 'n ontgogeling wat die moeder van alle frustrasie is. Van die regswetenskap as *wetenskap*, as *kennis-corpus*, durf 'n mens nie té veel verwag nie. In 'n ivoortorinkie is die regswetenskap se arms afgekap — kan hy sy omgewing nie betas nie. As verslaafde dienskneg van die praktyk is sy bene lam — kan hy nie in eie reg oor die weg kom nie.

Dit is daarom begryplik dat die regswetenskap, die akademie, alleen nie volledig afgeronde juriste kan fabriseer nie. Regswetenskap en regspraktyk is albei juridiese leerskole in eie reg en lewer elk sy eiesoortige bydrae tot die vorming van volledige juriste.

Dit bring my by die kern van my betoeg. *Die regswetenskap moet vry wees, akademies vry wees, om juriste na die eise van sy eie-aard te vorm.*

4. Die saak van die regswetenskap — om die regspraktyk se onthalwe

4.1 Die aanpak

Uit die skat van sy ervaringe as prokureur put ene Ashton Chubb (1981:29) die volgende anekdote:

Hy moes by geleentheid 'n (vir hom vreemde) groep oewereienaars — boere uit Burgersdorp se wêreld — oor sekere waterregprobleme toespreek. Gewapen met die versekering dat Burgersdorp se boere goed tweetalig is, het Chubb met hulle Engels gepraat. Dit het een omie hewig ontstel: “Meneer die Voorsitter, ek wil nie politiek inbring nie, maar waarom kan die prokureur nie ook met ons Afrikaans praat nie?” Chubb, heeltemal bereid om die hoofpunte van sy uiteensetting in Afrikaans te herhaal, het skaars aan die versoek begin voldoen toe die omie — nog steeds sonder om politiek te wil inbring maar hierdie keer hoogs ontsteld omdat die Engelse prokureur nie suiwer Afrikaans praat nie — hom dwarsweg in die rede val: “Wat beteken ‘oewereienaars’? ‘Riparian proprietors’”, was die prokureur se antwoord, wat die volgende reaksie van die eens onthutste boer ontlok het: “O, ja, ja, ek weet wat is ‘riparian proprietors’”.

Ek moet my saa of liever, die saak van die regswetenskap onvermydelik op 'n filosofiese en regsfilosofiese wyse aan u stel. Filosofie is erger as Oxford-Engels op boere-ore — dit is louter Grieks. Omdat ek 'n lotsverbondenheid met Chubb vrees, gaan ek hierdie Grieks in die Afrikaans van 'n voorbeeld vertaal. Die epiese basis van die voorbeeld is kanoniek — 'n feitestel

waarmee 'n hof werklik gekonfronteer was. Die les trek ek uit die storie deur agtereenvolgens (saam met u) in vyf pare skoene te gaan staan:

- 4.1.1 dié van die gewone man, die nie-regskenner, wat 'n eie beoordeling op die feite nahou;
- 4.1.2 dié van die regsakademikus wat sý oplossing aan die hand doen;
- 4.1.3 dié van die regter wat die uitspraak in die saak gegee het;
- 4.1.4 dié van die raadsman van die beskuldigde en
- 4.1.5 dié van die staatsaanklaer.

My weergawe van Jan Publick, die raadsman en die staatsaanklaer se onderskeie gesigspunte berus grotendeels op improvisasie en (hopelik verbeeldingryke) rekonstruksie. Die opsommende weergawe van die regter se denkmodus, wat op die gerapporteerde uitspraak steun, is outentieker. Die swaartepunt van my betoog is die tersaaklikheid al dan nie of die "effek" van dít wat die regsakademikus (*in casu* die strafreggeleerde) te sê kan hê. Aanvanklik en voorlopig speel ek duiwelsadvokaat deur te probeer voorgee dat 'n streng formele, byna afgetrokke, akademiese beoordeling van die feite met die oog op die toepassing van byna meganies geselekteerde regsnorme moontlik is. Juis deur 'n verkeerde saak te stel, wil ek die noodsaak aan 'n avontuurlike waarde- en/of dieptedimensie in die regswetenskap aan die lig bring.

4.2 Die voorbeeld: *S. v. Johnson, 1969(1) S.A. 201(A)*

Vrydag, 3 November 1967, was, soos elke ander Vrydag, 'n besondere dag: dit was betaaldag, ook vir die beskuldigde in hierdie saak, ene Johnson, 'n Bruinman van Oudtshoorn. Gewapen met sy weeklikse loon het Johnson hom in die arms van Bacchus gewerp en vir 'n ekstra effek dagga gerook. In sy beskonke en bedwelmdede toestand het hy gedreig om die dorp op horings te neem. Saam met 'n medeaanbidder van Bacchus is hy in die polisieeselle toegesluit. Johnson se selmaat was besig om sy roes af te slaap. Hy sou nooit weer wakker word nie, want 'n lawaaierige Johnson het 'n waterremmer wat in die sel was, beetgekry en sy slapende selmaat se kop verbrysel. Die volgende oggend, toe hy weer by sy positiewe was, het Johnson sy optrede só aan die polisie verduidelik: "Ek was dronk gewees, ek weet niks, baas, ek weet niks. Baas-hulle het my mos gevang vir dronk".

Is Johnson skuldig aan moord of enige ander misdryf? Hier is enkele antwoorde op dié vraag.

4.3 Die beoordelings

4.3.1 Diegewone man as nie-regskenner

Johnson het iemand doodgemaak, en daarom is hy 'n moordenaar. Boonop was hy dronk en moet hy dus so swaar moontlik gestraf word. Dit sal onregverdig wees om 'n dronk man jou met sy skandalige optrede om die bos te laat lei. Sommige mense drink in ieder geval te veel op betaaldae, en die hof behoort van Johnson 'n voorbeeld te maak.

4.3.2 Die regsakademikus

Moord is wederregtelike, *opsetlike* doodslag. Om opsetlik te kan handel — en dus moord te kan pleeg — moet 'n dader toerekeningsvatbaar wees. Johnson het nie geweet wat hy doen nie. Hy was dus ontoerekeningsvatbaar, kon nie opset gehad het nie en is bygevolg onskuldig aan moord en ook aan strafbare manslag as nalatige doodslag. 'n Ontoerekeningsvatbare dader kan immers nie regtens gesproke nalatig wees nie.

In die lig van die verwerping van die *versari*-leerstuk in die Suid-Afrikaanse Strafbereg (S. v. *Van der Mescht*, 1962(1) S.A. 521 (A) en S. v. *Bernardus*, 1965(3) S.A. 287 (A)) kan en die onregmatigheid en die skandelikheid van Johnson se dronkenskap nie herlei word tot of geprojekteer word in die vraag of hy aan 'n vorm van onregmatige en skandelik doodslag skuldig is nie. Die onregmatigheid en skandelikheid van dronkenskap is prinsipiël anders as dié van moord of strafbare manslag. Omdat hy in 'n openbare plek dronk was, is Johnson hoogstens aan 'n oortreding van art. 166(i) van die *Drankwet* 30 van 1928 skuldig.

4.3.3 Die hof

Al kan Johnson nie die opset vorm om moord te pleeg nie, was sy skandelik dronkenskap vrywillig, en daarom is hy aan die mindere misdryf, strafbare manslag, skuldig. Indien sy dronkenskap tydelike kranksinnigheid veroorsaak het, sou die posisie anders gewees het.

4.3.4 Die raadsman

Johnson se kant van die saak moet so bekwaam moontlik aan die hof gestel word. Klem moet dus op so ontoerekeningsvatbaarheid geplaas word, en getuies moet breedvoerig hieromtrent ondervra word. Die betoog namens Johnson moet veral op die verwerping van die *versari*-leerstuk afgestem wees.

4.3.5 Die staatsaanklaer

Die staat — dit wil sê die regsorderdane in Suid-Afrika — se kant van die saak moet in die openbare belang so bekwaam moontlik gestel word. Daarom moet die gevare van dronkenskap vir die gemeenskap behoorlik verdiskonteer word en behoort klem gelê te word op die feit dat vrywillige dronkenskap nie 'n doodslaghandeling behoort te verskoon nie.

4.4 'n Voorlopige omlýning van die kennis waarop die voorgaande beoordelings berus

Die akademikus, die regter, die raadsman en die staatsaanklaer (kortweg gesê: die regskenner) benader die saak met 'n “tegnieser” kennis as Jan Publik. Hierdie kennis word 'n mens byvoorbeeld op universiteit in 'n Strafrekkursus bygebring. Dit is 'n abstrakte kennis en berus op begrippe soos moord, doodslag, skuld, opset, dronkenskap, toerekeningsvatbaarheid ensovoorts. Hierdie begrippe word reëlmatig sistematies tot oordele — as uitsprake oor stande van sake — gekombineer, byvoorbeeld “Moord is doodslag”, “Moord vereis opset en daarom toerekeningsvatbaarheid”, “'n Dronkaard wat nie weet wat hy doen nie, is ontoerekeningsvatbaar/kan nie opset vorm nie/is onskuldig aan moord”, “Dronkenskap is geen verskoning nie” ensovoorts.

Die gewone man se kennis is 'n meer ongenueanseerde en minder opsetlik gesistematiseerde geheelkennis. Dit vorm 'n deel van sy alledaagse leef- en ervaringswêreld. Dit is egter nie 'n minderwaardige kennis nie. Ten minste verskaf dit aan hom 'n bepaalde minimum basis waarop hy hom as regsorderdaan teenoor die normatiewe eise van die regsorde kan verantwoord. Sou hy sêlf egter in die “moeilikheid” beland, is dit gewens dat hy die hulp van 'n regskenner inroep veral om hom met die “fynere puntjies” van die reg te help.

Waar die geval Johnson die nie-regskenner as 'n besondere, konkrete geval interesseer, tas die regskenner se “tegniese” kennis wyer as bloot Johnson se geval. Die begrippe waarop sy kennis berus, is veralgemenende abstraksies en boonop opsetlik gesistematiseer. Hy stel belang nie alleen in alle gevalle soortgelyk aan dié van Johnson nie maar ook in alle gevalle waarin elemente van dit wat by die Johnson geval ter sake is — ofskoon miskien in 'n ander konteks geplaas — voorkom. Sy konkrete beoordeling van Johnson se geval en alle ander verwante gevalle bestaan daarin dat hy sy gesistematiseerde abstraksies ordelik “konkreet maak”. Kortom, tegniese of wetenskaplike regskenner is *sistematies abstrak* van aard.

Dit is egter nog nie genoeg gesê nie.

4.5 Die beoordeling agter die beoordeling en enkele gevolgtrekkings

Die volgende drie gevolgtrekkings lyk tans op die oog af in orde:

- (i) Al die regskeners in die voorbeeld hierbo opereer met *dieselfde soort* sistematies abstrakte kennis.
- (ii) Hulle kennis is 'n totaal ander soort kennis as dié van die gewone man.
- (iii) Hulle hou egter verskillende beoordelings op een en dieselfde feitestel na.

Gevolgtrekking (iii) is ooglopend problematies; (i) en (ii) lyk nog steeds in orde.

Krap 'n mens egter 'n bietjie aan (i), dan ontdek jy sy probleemstekeltjies. Die vier groepe regskeners bevind hulle immers nie almal in dieselfde hoedanighede nie — hulle is regswetenskaplikes maar telkens met 'n verskil. Vandaar gevolgtrekking (iii): hulle beoordelings móét eenvoudig verskil! Regter en raadsman en staatsaanklaer se heeltemal goeie kennis van die Strafberegting het, in terme van 'n beoordeling van die saak gesproke, ander gevolge as dié van die akademikus, want dit is kennis met 'n ander doel en in 'n ander konteks. Hulle moet, eenvoudigweg gesê, hulle kennis in die gang van die regslewe toepas. Die opinie van die gewone man as subjek in die regslewe dra daarom by hulle gewig — selfs al word die prinsipiële suiwerheid van die leerstuk “sonder toerekeningsvatbaarheid geen skuld nie” enigermate ondermyn. Hieruit blyk alreeds dat die oënskynlik totaal andersoortige kennis van die leek (gevolgtrekking (ii) hierbo) en sy nie-kundige beoordeling van feite, alles behalwe nie ter sake is nie. Juis in sy naïwiteit is die leek se vertrouenskennis op die konkrete volheid van sy regsobjek-wees bedag. Daarom dat die leke-opinie byvoorbeeld die regter se juridiese gewete en regsgevoel of, moet ek liever sê, *regsintuisie* in hoogste versnelling hou.

Natuurlik kan die nie-akademikus juris — die praktisyn in die ruim sin van die woord — 'n wetenskaplike regs-kennis as grondslag van sy kundigheid nie ontbeer nie. In die konkrete volheid van 'n regs-werklikheid-in-voortgang — waaraan ook Jan Publie as leek deel het — verander die gesigskring van akademiese kennis egter aansienlik, is ander situasies as dié in klas- en studeerkamers ter sake. *Nie een van die juridies tersaaklike situasies wat 'n mens jou kan indink, is egter oorbodig of minderwaardig nie.*

Het u pas saam met my oor die voorgaande verskille in benadering gewonder? Het u saam met my vrae gestel, antwoorde gesoek... en ontdek

dat antwoorde telkens weer nuwe vrae oproep? Twyfel u dalk aan die waarde van 'n regsorde met sy interpretasie-elastiese norme? Indien wel, vertrou ek dat u u na dese sal kan vergewe, want u het pas saam met my begin filosofer! U en ek wou nie met 'n minimum denke van eerste instansie — in 'n bloot formele, sistematies abstrakte denkforum *a quo* — volstaan nie. Ons denke is (tipies menslik) in hoër beroep — is 'n denke op appèl wat vir die heroorweging van die sistematies abstrakte voorhandene vra: u en my denke is wonderende nadenke, 'n denke wat oor homself terugvou en daarom oor homself dink (Louw, 1958a: 118 en 1958b: 16). Nadenke is filosofies, ja, maar tegelyk inherent aan alle wetenskap en aan die regswetenskap. Wetenskap is bygevolg die aktiwiteit sowel as die resultaat van *nadenkend-sistematiese abstraksie*. In die regswetenskap appelleer hierdie aktiwiteit en sy resultate op die werklikheid van die reg as werklikheid van menslike ampsgeborgenheid, dit is die domein van *normatiewe beskerming* van die eenheid in die verskeidenheid van *menslike status(se)* in die geheelopset van 'n (presies dié norm en statusomvattende) *orde*.

Filosofie is die aktiwiteit sowel as die resultaat van *abstraherend-sistematiese nadenke* — dít altans in 'n wetenskaplike konteks. Die regsfilosofie opereer vanuit die vesting van die regswerklikheid in die dampkring van filosofie sowel as regswetenskap met sy *abstraherend-sistematiese nadenke* oor die werklikheid van ampsgeborgenheid.

Duidelheidshawe moet ek die buitelyne van my definisie van die universiteit — implisiet grondliggend aan my betoog tot dusver — eksplisiet maak: *Die universiteit is 'n gemeenskap van leermeesters en studente in die wetenskap wat elkeen met 'n besondere wetenskap, in die strukturele raamwerk van die grotere geheel van wetenskappe, opvoedkundig lerend besig is.*

Ek het pas die teoretiese gereedskap waarmee ek aan my besondere opvatting oor regsopleiding gestalte wil gee, so goed moontlik in orde probeer kry. Ek moes dit uiteraard oorsigtelik doen maar (en dít pleit ek ter versagting) solank enigiets té bondig aan my uiteensetting u aan 't wonder hou, bly u tegelyk saam met my aan 't filosofer!

5. Rigtingpeilers

5.1 Inleidend

Ek het my rede op 'n pessimistiese waarskuwingsnoot begin. Ek het tot dusver die prinsipiële redes vir my voor- en afkeure, my vreugdes en vrese, laat blyk. Nou vir die *troef*kaart, vir die moets en moenies nou en in die toekoms. Ek speel my *troef*kaart onder dekking van 'n sestal stellings (slag-

spreuke as u wil) wat ek telkens verduidelik en motiveer.

5.2 Stelling 1: Kundige skoenmaker, hou jou regsopleiding by die lees van jou kundigheid

Akademiese regs vorming — selfs as basis vir die beoefening van 'n regsberoep — is iets anders as beroepsafronding. Eersgenoemde staan op rekening van die universiteit; laasgenoemde op dié van die (toepaslike vertakkings van die) beroep en/of profesie. Die prokureursprofesie sien dit myns insiens in (vgl. Anoniem, 1975, 1977 en 1980 asook Eckhard, 1979). Daarom doen die prokureursprofesie sinvolle stappe om die ideaal van beroepspraktiese leerskole werklikheid te maak. Tesame met hierdie stappe verhewig die aandrang op LLB as minimum akademiese kwalifikasie vir prokureurs. Regsfakulteite behoort die profesie in hierdie edel strewe die hand te reik — en dit konkreet te doen deur byvoorbeeld fisiese fasiliteite beskikbaar te stel en didaktiese kundigheid in die onderneming in te ploeg. Waar 'n profesie iets aan sy verantwoordelikheid met betrekking tot beroepsopleiding doen en tegelyk op die hoogs moontlike standaard van akademiese vorming aandrang, gaan die eie identiteit van akademie en profesie nie alleen intakt bly nie maar gaan albei mekaar vorentoe ten goede verryk.

Eweneens ruim en progressief is die Departement van Justisie se visie op regsopleiding. In die konkreetmaking van hierdie visie is die Departement nog ongeëwenaard. Via sy afdeling Opleiding neem hy 'n geruime tyd lank reeds die beroepsafronding van amptenare vir sy eie rekening. Daarom verdien Justisie-opleiding 'n vriendskaplike hand van die regsakademie.

5.3 Stelling 2: Maak akademiese regsopleiding altyd ter sake – én hou die praktyk op die landkaart van wetenskaplike wetenswaardigheid

Die regswetenskap abstraher sy gegewens uit 'n lewende regswerklikheid en moet hom daarom in die lewende reg wat daagliks in die howe, in prokureurskantore en advokatekamers en gewoon op die straathoeke en markpleine van ons tyd ter sprake kom, interesseer. Wat ek hier sê, spreek haas vanself. 'n Ter sake regswetenskap, ontdaan van klakkelose dienstigheid aan die praktyk, het meteen praktiese waarde — dit kweek by aspirant-regspraktisyns onder andere, soos Milton (1975:269) dit treffend stel, “an ability which enables learning in the absence of instruction”. Primêr is immers nie 'n afgetrokke regswetenskap ter wille van homself nie maar steeds, soos L.J. du Plessis (1957:145) dit stel, “... die werklike dinge en mense, stof, energie, bloed, lewe, drang en daad”.

Implisiet in my betoog is drie kwalifikasies:

5.3.1 Aangesien die tradisie van akademiese regsgeleerdheid in Suid-Afrika die afgelope twintig tot dertig jaar eers werklik begin stoel het (vgl. Point, 1961 en Milton, 1975), is dit nou die tyd om aan 'n behoorlike Afrikanisering van ons akademiese regsopleiding en regsnavorsing aandag te begin gee. Die regswerklikheid in Suid-Afrika is deel van die ruimere Afrikawerklikheid. Ons regswetenskap móét hiervan blyke gee. Aan slegs die wondere van 'n Romeinse en Wes-Europese en Anglo-Amerikaanse regserfenis mag ons nie genaelstring bly nie, anders sal hierdie erfenis aan bloedarmoede sterf. Ek sê nie bloot dat die inheemse Afrikareg méer aandag in ons kursusse verdien nie — dít natuurlik ook — maar veral dat die vertakkinge van die reg wat in 'n Afrikakonteks besonder ter sake is, ons deurdringende akademiese aandag moet geniet.

5.3.2 Die minder ooglopende werklikhede van die reg — die werklikhede “agter” of onderliggend aan die konkrete regswerklikheid — is integreerend deel van dié tersaaklikhede wat die regswetenskaplike behoort te interesseer. Hierdie diepere werklikhede is gewoonlik by uitnemendheid nadenke-stimulerend, en daarom bepaal hulle die gees en rigting van die regswetenskap in sy totaliteit. Herken u in my betoog 'n pleidooi vir die regmatige plek van (byvoorbeeld) regsfilosofiese dissiplines in kurrikulums? Herken en erken dan eweneens 'n pleidooi vir fundamentele nadenke, vir 'n grondslaesensitiwiteit in elke deeldisipline van die regswetenskap. Verstaan 'n mens tersaaklikheid realities ruim, dan is historiese tersaaklikheid daarby ingesluit. En nou weet u wat ek gaan sê: Latyn behoort as voorvereiste vir realitiese en behoorlike regskwalifikasies behoue te bly. Ek gaan nie volledig tot die Latyndebat toetree nie (vgl. in hierdie verband onder andere Anoniem 1976b; Kernick, 1977; Rorke, 1977 en Joubert, 1980). Een van my akademiese sentimente in hierdie verband plaas ek egter vir kritiese waardering ter tafel: Latyn behoort vir ten minste ons beste akademiese regskwalifikasie, die LLB-graad, as voorvereiste behoue te bly. Regsfakulteite mag nie onder die vaandel van die beste (*in casu* 'n “volledige” LLB) die tweede beste (*in casu* 'n Latynlose LLB) as goed genoeg aan studente probeer uitveil nie — al draai wie ook al hulle arm. Ek meen tewens dat kurrikulums wat alle nie-regskursusse betref, só gestruktureer moet word dat aan studente so 'n ruim moontlike keusespektrum gebied word ten einde breëre kulturele belangstellers akademies te akkommodeer. 'n Universiteit is immers 'n gemeenskap van geleerdheid wat wyses kultuurmense die wêreld in moet stuur (Van Riessen, 1962:13).

5.3.3 Uit alles wat ek tot dusver gesê het, volg dit myns insiens as 'n *res ipsa loquitur* dat die regspraktyk op die landkaart van akademiese wetenswaar-

digheid moet bly (kyk ook weer 2.4 hierbo). 'n Bolangse praktyk is vir wetenskaplike teorievorming en besinning nie ter sake nie, want onder 'n skyn van vernaamheid vervlak dit tot 'n leë eierdop. Ene Prynn (1980:165) bepleit (in 'n skrywe aan *De Rebus*) dié soort regsopleiding wat die student sal leer hoe om as regspraktisyn die behoeftes van sy besige “businessman client” voldoende te akkommodeer. Die aspirant-praktisyn moet byvoorbeeld geleer word hoe om die bereisde magnaat wat sy vliegtuig New York toe betyds moet haal, vinnig en doeltreffend met die sluiting van 'n belangrike kontrak oor die weg te help. Prynn verwys ongetwyfeld na 'n deel van die regspraktyk. 'n Ander deel van daardie praktyk verswyg hy egter. Hoeveel onkundige klante van die “businessman client” is byvoorbeeld in staat om die berugte fyn druk op sy vernuftige huurkoopkontrakte te lees — wat nog te sê verstaan? Hoeveel van die bereisde Roel se Swart werknemers beland op reis na Soweto oor iets soos 'n bewysboek wat by die huis vergeet is, in een van ons oorvol tronke? Van oorvol tronke gepraat — 'n mens wonder nogal wat die heer Prynn, erg bekommerd oor die “five years theoretical penal servitude” van regstudente, prakties aan die hand kan doen om die hoë voorkoms en frekwensie van “real penal servitude” in ons land te laat afplat.

Kortom, die verwesenliking van reg en geregtigheid in die regslewe is 'n primêr tersaaklike opgaaf vir regsakademici, regspraktisyns en regstudente. Hier kruis die weë van die akademiese en die professionele regspraktyke. Die behoeftes van die volle regspraktyk, die konkrete regswerklikheid, behoort langs albei hierdie eiesoortige weë geakkommodeer te word. Albei het mekaar nodig en die reg het albei nodig. Vervlak die een, dan vervlugtig die ander. Die asemnood van die een, versmoor die ander. Wie hom blind staar op die behoeftes van slegs die een, word tegelyk blind vir die tersaaklikheid van die ander. Dit bring my by 'n volgende stelling.

5.4 Stelling 3: Vermoë seksionele eensydigheid

Ek sou dit ook só kon stel: Verdiskonteer die verskeidenheid in juridiese leef-en-ervaringswyses daadwerklik; handhaaf tegelyk die eenheid in die strewe na reg en geregtigheid. Ek is teen 'n akademiese ivoortoring-mentaliteit (kyk 3 hierbo). Ivoortorings is egter nie slegs akademici beskore nie, soos uit die volgende retoriese vragie van Van Blommenstein (1979b: 677) blyk:

“Is it not time that the members of the various Law Society councils shook off the academic apron strings and concentrated on the well-being of attorneys throughout the country?” vra hy.

Van Blommenstein moet só geantwoord word: Indien akademie en professie nie sinvolle bande met mekaar kan onderhou nie, moet die redes daarvoor onverwyld aan die kaak gestel en uit die weg geruim word — met vreeslose eerlikheid, natuurlik. Ek bemerk self die heilsame gevolge van ’n gesonde samewerking en wisselwerking — van ten minste ’n fondament om op voort te bou. Maar, nou ja, skeptisisme word nie so maklik besweer nie — veral nie indien dit boonop eensydig is nie — en hiervan openbaar Van Blommenstein (1979b:676) genoeg:

“Those who can, do and those who can’t, teach”, merk hy byvoorbeeld lakoniek wantrouig op.

Eintlik behoort ’n mens Van Blommenstein met ’n simpatieke ligte hand te hanteer, want van ’n insig waartoe ’n bietjie wonderende nadenke hom sou kon lei, is hy opsigtelik verstoek:

“Those who unassumingly try, learn how presumptuous the appearances of can, really can be”.

Mense wat nie probeer voorgee dat hulle nie vrae op al hulle antwoorde het nie, maak van probeer ’n goeie gewer. Sulke mense het ’n ruim visie, is van die gebaande weë van middelmatigheid bevry.

5.5 Stelling 4: Waak teen die bedreiging van middelmatigheid

Hoe sien buitestaanders die regsakademie? As ’n gelykgemaakte uitvlugroete vir diegene wat in ieder geval nêrens in die professie sal deug nie? As die moeë regspraktisyn se aftreehuisie by die strande van ’n juridiese lotusland? Of dalk as die kookpot van juridiese denkaktiwiteit?

Ek en my regsakademiese kollegas wil graag as professionele mense behandel word. Professionele status (in die akademie altans) word egter, heel oncalvinisties, deur dade verdien en nie uit die genade van byvoorbeeld ’n LLB-graad verwerf nie. Met die standaard van werkywer en produktiwiteit wat ons stel, moet ons by ons geleerde vriende in die heel aktiefste vertakkinge van die professie kan kers vashou. Nooit mag die indruk geskep word dat ’n LLB-graad plus ’n paar jaar praktiese ondervinding ’n kortpad na ’n professoraat in regsgeleerdheid is nie.

Die middelmatige regsakademikus is ook hy wat die gegewene en voorhandene as goed genoeg aanvaar bloot omdat dit gegewe en voorhande is — die *status quo*-is wat weier om alternatiewe te probeer oopdink. Middelmatige denke en nadenke is antonieme. Daarom ontglip gebreke in die regsistiem die *status quo*-is se aandag. Deurdringende denke is vir hom te veel moeite. Hy probeer die avontuurlike volheid van ’n lewe uit die geloof

— óók in die beoefening van sy regs wetenskap — gewetensonthalwe met ge ykte dogmatjies beredder.

So 'n iemand inspireer vanselfsprekend nie sy studente nie. Hy beroof hulle van die voorreg om gesigte te sien en drome te droom. 'n Ferm hand met 'n snoeiskêr behoort studente teen diesulkes te beskerm. Want ons studente moet ware juriste wees.

5.6 Stelling 5: Vorm ware juriste

'n Kitsresep vir die produksie van presies dié mense wat die praktyk benodig, bestaan nie. *Juriste, regsgeleerdes* wat hulle plekke te eniger tyd in enige vertakking van die professionele praktyk of daarbuite kan volstaan, kan egter heelwat van die skaafwerk aan die persoonlikheidstoerusting wat hulle benodig, reeds didakties bygebring word. In die strategiese beplanningsofset van akademiese regsopleiding kan en behoort dus 'n opsetlike ruimte geskep te word waarbinne veral dié persoonlikheidseienskappe waaroor 'n juris moet beskik, tot ontplooiing gelei word. Ek dink aan eienskappe soos die volgende: integriteit, objektiwiteit, waardigheid, oordeelsvermoë, werkvermoë, eerbied vir die weg van die reg, 'n billikheidsin, 'n minimum hoeveelheid parate kennis sowel as die vermoë om detailkennis te ontsluit, kritiese en onafhanklike denke, vreesloosheid en die vermoë om te kommunikeer.

Weë waarlangs hierdie eienskappe tot wasdom kan kom, moet verbeeldingryk met behulp van akademiese vormingsprogramme oopgekap word. Ek maak slegs drie kort grepe:

5.6.1 Van die ware juris word integriteit geverg. Regstudente se optrede moet bygevolg deurentyd met die allerstrengste integriteitsmaatstawwe gemeet word. Oneerlikheid in eksamens en toetse behoort myns insiens onverskoonbaar te wees. 'n Regstudent met 'n selfs sluimerende aanleg vir oneerlikheid, verdien geen tweede kans nie.

5.6.2 Van die ware juris word 'n eerbied vir die weg van die reg en vir regsinstellings geverg. Vir die regstudente moet die sin van die werklikheid agter of grondliggend aan gekonkretiseerde instellings dus blootgelê word, sodat hulle die doel en waarde van daardie instellings goed kan begryp. Insigte op hierdie wyse verwerf, help 'n mens ook om bestaande instellings krities te weeg. Beantwoord 'n regsinstelling nie aan sy doel nie, behoort die juris leiding te neem in ordelike pogings om dit verander te kry.

5.6.3 Die vermoë om te kommunikeer ontplooi in 'n klimaat waar baie kommunikasiemoontlikhede geskep word. Dink u nie byvoorbeeld dat ons dit moet oorweeg om verpligte mondelinge eksamens in ere te herstel nie?

Kortom, die voorreg om aan die persoonlikheidstoerusting van God se mense te help bou, plaas op die Christenregsdosent aan 'n Christelike universiteit 'n allesoorheersende begin- en eindverantwoordelikheid. Ek vra ten slotte u aandag vir hierdie verantwoordelikheid.

5.7 Stelling 6: Vorm geloofsbetrokke, waardebewuste Christenjuriste

Dink u dat hierdie slotstelling die kolletjie op die *i* van my rede is? Dan het ek 'n verkeerde indruk by u geskep. Elke pennestreep, elke asemteug van my betoog — bely ek onomwonde — word gedra deur die geloofsortoering dat 'n nuwe mens in Christus óók 'n nuwe mens in die regs werklikheid, hier en nou, is; dat die Christenjuris *kwalitatief anders* as sy ander eweknieë is; dat hy vry is om weë oop te kap en grëns te patrolleer wat ander sal laat huiwer. Duisel u, my geagte kollegas, saam met my voor die uitdagings wat hierdie bewussyn aan ons stel? Waagu en ek met huiwering 'n didaktiese hand aan die regswetenskaplike vorming van God se mense? Dan het ons 'n goeie begin gemaak — op ons knieë en nie op ons voete nie.

Net die potsierlike, kort armpies van 'n hansworsiejuris kan — in die praktyk sowel as die professie — in 'n lugleegte van neutraliteit probeer rondtas — sonder sukses natuurlik, want selfs 'n juridics deugdelike objektiwiteit kan nie tot geloofsonbetrokkenheid verskraal word nie. Om nie-tersaaklike persoonlike voor- en afkeure in die vel van oordele uit te ban, beteken immers nie dat 'n mens ophou om uit die geloof te lewe nie.

Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys is 'n konfessionele universiteit wat die werklikheid van 'n Christelike geloofs-betrokkenheid in woorde bely en in daade konkreet wil maak. Die implikasies hiervan vir die regswetenskap was die erns van 'n gewaardeerde ry voorgangers in die plaaslike Departement en later Fakulteit Regte: L.J. du Plessis, H.L. Swanepoel, F.J. van Zyl en J.D. van der Vyver (om maar enkele van die hoë bome te noem). Onder wedersydse wakende kritiese oë moet ek en my kollegas tans dit wat in menslike swakheid begin is, in ons eie swakheid verder voer. Gelukkig het 'n verantwoordelike besef hiertoe ons universitêre gemeenskap opnuut weer beetgepak. Nóú is die tyd vir hande vat, vir die konsolidasie van 'n akademiese gemeenskap van gelowiges. Die Departement Regsfilosofie bied u hart en hande. Daarmee impliseer ek ook die Fakulteit Regte — al het ek nie eksplisiet volmag om namens al my kollegas te praat nie. Ervaringe uit die jongste tyd oortuig my

egter van die houdbaarheid van dít wat ek impliseer.

Vir die vorming van Christenregstudente word vereis dat dosente hulle vir die grondliggende, nie-ooglopende werklikhede van die reg sal oopstel (kyk 4.5 en 5.3.2 hierbo) en dat juridiese nadenke in hoogste versnelling sal bly. 'n Skrale sestig jaar gelede moes regterpresident Kotzé (soos hy toe was) uitspraak gee oor die vraag op watter tydstip 'n kontrak oor die pos gesluit tot stand kom (kyk *Cape Explosives Works, Ltd. v. South African Oil & Fat Industries, Ltd.*, 1921 K.P.A. 244). Op die suggestie van een van die geleerde advokate dat daar in hierdie geval by die filosofie kers op te steek is, reageer die hof (op 265) só:

“... (T)he law ... is apt to proceed on practical in preference to philosophical lines. The practice of law, as a living system, is based rather on human necessities and experience of the actual affairs of men, than on notions of a purely philosophical kind ... (T)he philosophers may be likened to the stars; they are lofty, but give very little light”.

Die geleerde regterpresident se uitspraak het uiteindelik 'n eie filosofiese *ratio decidendi*, naamlik die “... sound notion that it is not a false philosophy to inquire what method serves the best practical purpose” (op 265). Op grond van hierdie “sound notion” kies die hof vir die sogenaamde versendings-teorie: 'n Kontrak oor die pos gesluit kom tot stand die oomblik wat die geadresseerde die brief van aanname pos. Die agbare hof se redenasie kan, myns insiens tereg, só opgesom word: 'n Regter wat in 'n saak uitspraak gee, mag sy filosofiese voorkeure laat geld mits hy ontken dat hy dit doen! (Kyk in hierdie verband ook Harris en Buckle, 1976.)

Tye verander en (gelukkig ook) insigte saam met hulle. Die Suid-Afrikaanse regswetenskaplike wat die geloofs- en waardenneutraliteit van die reg en regswetenskap ontken, is vandag nie meer heeltemal 'n stem des roepende in die skyn van 'n neutrale woestyn nie. Pleidooie vir veral 'n waardebetrokke regswetenskapsbeoefening het by die grense van Potchefstroom verbygekring (vgl. bv. Dugard, 1971 en Davis, 1978). Daar is dié gewaardeerde kollegas in ander regsfakulteite wat die noodsaak aan 'n *Christelike* regswetenskapsbeoefening eksplisiet bely. Nie alle kollegas aan ander universiteite wat die a-neutraliteit van die regswetenskap verdiskonteer, is egter eksplisiet Christene nie. 'n Rede tot ontsteltenis? Ek meen van nee. Diesulkes se a-neutraliteitsinsigte vorm ten minste 'n gespreksbasis waarop groter insig in en begrip vir “die saak van Potchefstroom” gebou kan word. Ek herinner my die wyse woorde van 'n ruimgeestige L.J. du Plessis (1961b:457; vgl. ook 1961a:1) in 'n ope brief aan sy “Engelse teenstanders” waarin hy hulle die

hand van vriendskap en samewerking reik:

“Up to now we have been pestering one another with sectional and narrow-minded, at any rate now antiquated, recriminations of antiquarianism on the one side and Anglo-Saxonism on the other... I... wish to appeal for a new South Africanism in the law of the Republic”.

Die vorming van studente in die Christelike regs wetenskap is vanselfsprekend geen sinoniem vir outoritêre indoktrinasië nie — tensy ons natuurlik hulle potensiële lus en liefde vir die saak onherstelbaar wil knou. Ter sake in hierdie verband is ’n opmerking van die bekende appèlregter Toon van den Heever (1954, Voorwoord) in (toegegee) ’n ietwat ander konteks:

“When elasticity goes and I cease to be conscious of human fallibility, I should, in the public interest, be removed from the Bench”.

Die Christenregsdosent se kritiese selfrefleksie verhef sy woorde wat geloofsbetrokkenheid moet wek, meteen tot voorbeelde wat trek.

Die Christengelowige juris is geen ivoortoringgeborge tuislandjie-juris nie. Regsopleiding moet daarom — so het ek reeds betoog (kyk 5.3 hierbo) — by die *volle* regs werklikheid betrokke wees. Geloofs- en waardebetrokke regsopleiding is dit by uitnemendheid — per definisie by uitnemendheid: dit is ’n bewuste betrokkenheid by die volle werklikheid van vertroue, verwagting en gehoorsaamheid, van geloof, hoop en liefde en dus (sover menslik moontlik) ’n oogklaplose betrokkenheid. Ek verheug my daarom in beginsels oor moontliedede vir studente om reeds tydens hulle akademiese vormingsfase met die “harde praktyk” kennis te maak. Regstudente behoort byvoorbeeld in vakansietye in landdros- of prokureurskantore te kan werk en hulle teenwoordigheid in advokate- of selfs regterskamers kenbaar te kan maak.

Regsklinieke bied ’n uitnemende geleentheid vir ’n gewenste werklikheidsbetrokkenheid in regsopleiding. Daarbenewens stel dit dosent en student in staat om gemeenskapsdiens in die vorm van regshulp aan veral behoeftiges te lewer (vgl. vir die hele kwessies van kliniese regsopleiding Bloch en Davis, 1975; Davis, 1978; McQuoid-Mason, 1977 en Van der Post, 1975) (laasgenoemde oor die behoefte aan regshulp)). ’n Sensitiwe “sosiale gewete” is deel van die persoonlikheidstoerusting van elke toegewyde juris. By die Christenjuris is dit ’n onontbeerlike móét. Betrokkenheid by die wel en weë van ’n regskliniek gepaard met behoorlike besinnings in die klaskamer sal die gewete van die student opskep. Ek kan my nie ongekwa

lifiseerd verenig met die opvatting dat dienslewering aan die gemeenskap as sodanig saam met onderrig en navorsing een van die eiestandige primêre take van die universiteit is nie. Dienslewering is egter die rype vrug van 'n gedeel en werklikheidsbetrokke onderrig en navorsing — een van die barometers waarmee die *kwaliteit* van onderrig en navorsing gemeet kan word.

Hoekom, vra u tereg, is die Regsfakulteit van die PU vir CHO (naas enkele van ons geleerde ampsbroers aan ons politieke regterkant) die enigste regs fakulteit sonder 'n regs kliniek? Ek, my geleerde kollegas en ons studente kan geen verskoning daarvoor bied nie maar gelukkig darem 'n antwoord verskaf: “Gee ons net ses maande tyd. Die formele teerling is reeds gewerp!”

6. Slot

Regsopleiding aan die universiteit is 'n skoling in die kuns van reg en geregtigheid. Aan die Christelike universiteit moet dit die uitnemende gawe van regverdigmaking deur die geloof in Christus vir die volheid van die regslewe konkreet help maak. As gelowige juriste, meer nog, as broeders en susters van “DIE HERE ONS GEREJTIGHEID” (soos Jeremia 23:6 ons Verlosser noem), kan ons saam met 'n Jesaja (32:13-8) die onsienlike sien:

“Want die paleis is verlate ... totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte; dan word die woestyn 'n vrugteboord, en die vrugteboord self word vir 'n bos gereken. En die reg woon in die woestyn, en die geregtigheid hou verblyf in die vrugteboord. En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrengsel van die geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid. En my volk sal woon in 'n plek van vrede en in veilige wonings en in plekke van ongestoorde rus”.

Anders as die verwagtingvolle Jesaja sien ons egter ook die onsienlike in die lig van die reeds sigbare Woord-as-mens. En daarom jubel ons, aan ons universiteite, in ons regs fakulteite, in advokatekamers en prokureurskantore en in die houe:

“Hy wat deur die geloof geregtigheid verkry het, sal lewe”!

BIBLIOGRAFIE

- ADORNO, T.W. 1966. *Negative Dialektik*. Frankfurt a.M., Suhrkamp.
- ANONIEM. 1975. Praktiese opleiding (Redaksioneel). *De Rebus Procuratoriis*, 1975:456-7.
- ANONIEM. 1976a. Legal aid clinics (Redaksioneel). *De Rebus Procuratoriis*, 1976:108-9.
- ANONIEM. 1976b. "Tradisie-rommel" (Redaksioneel). *De Rebus Procuratoriis*, 1976:57.
- ANONIEM. 1977. Ondersoek na regsopleiding (Redaksioneel). *De Rebus Procuratoriis*, 1977:180-1.
- ANONIEM. 1978. Akademiese kwalifikasies en leerklerskap (Redaksioneel). *De Rebus Procuratoriis*, 1978:519.
- ANONIEM. 1980. Practical training (Redaksioneel). *De Rebus*, 1980:115.
- BLOCH, J. & DAVIS, D. 1975. Legal education and poverty law... a non-relationship? *Responsa Meridiana*, 3:145-51.
- CALVIN, J. *Ioannis Calvini opera quae supersunt omnia*. Brunsvigae: Schwetschke. 59dle.
- CHUBB, A. 1981. Old attorneys forget. *De Rebus*, 1981:26-9.
- COHN, G. 1955. *Existenzialismus und Rechtswissenschaft*. Basel: Helbing & Lichtenhahn.
- COMTE, A. 1896. *The positive philosophy*. London. Bell. 3dle.
- DAVIS, D.M. 1978. Legal education in South Africa: a re-examination. *The south African law journal*, 95:424-9.
- DE GROOT, Hugo (Grotius). *Inleidinge tot de Hollandsche rechts-geleertheyd*. Arnhem: Quint.
- DE VOGEL, C.J. 1968. *Plato: de filosoof van het transcendente*. Baarn: Het Wereldvenster.
- DOUMERGUE, E. 1917. *Jean Calvin, les hommes et les choses de son temps V*. Lausanne: Bridel.
- DUGARD, J. 1971. The judicial process, positivism and civil liberty. *The South African law journal*, 88:181-200.
- DU PLESSIS, L.J. 1945. *Die Calvinisme in sy aktualiteit gehandhaaf*. (In *Op die voorpunt van die tyd*. Stellenbosch: Pro Ecclesia: 29-40).
- DU PLESSIS, L.J. 1957. Enkele gedagtes oor die Calvinistiese sosiologie en geskiedenisfilosofie. *Koers*, 24:137-46.
- DU PLESSIS, L.J. 1961a. *Finale regsvergelykende opmerkinge vir LLB 4 en 5 van 1961*. Potchefstroom: Pro Rege.
- DU PLESSIS, L.J. 1961b. Korrespondensie. *The South African law Journal*, 78:457-9.
- DU PLESSIS, L.M. 1979. *Westerse regsdenke tot en met die Middeleeue*. Potchefstroom: Pro Rege.

- DU PLESSIS, L.M. 1980a. *Die professionele gedrag van die juris*. Potchefstroom: IBC.
- DU PLESSIS, L.M. 1980b. Regswetenskap en regsfilosofie. *De Jure*, 13:22-40.
- DU PLESSIS, L.M. 1980c. *Regswetenskaplike variasies op filosofiese temas*. Potchefstroom: Pro Rege.
- ECKARD, C.F. 1979. Loodsprojek — skool vir praktiese opleiding. *De Rebus*: 619-10.
- HAMILTON, E. & CAIRNS, H. eds. 1973. *The collected dialogues of Plato*. Princeton: University Press.
- HARRIS, P.J. & BUCKLE, J.D. 1976. Philosophies of law and the law teacher. *The law teacher*, 10:1-10.
- HART, O.D. 1979. Korrespondensie: Articled clerks: fit and proper principals. *De Rebus*, 1979:292.
- HEBEL, G.W.F. *Grundlinien der Philosophie des Rechts*. Frankfurt a.M.: Ullstein.
- JOUBERT, W.A. 1980. Korrespondensie: Latyn vir die prokureur? *De Rebus* 1980:421.
- KERNICK, L.A. 1977. Korrespondensie: Abolition of Latin. *De Rebus Procuratoriss*, 1977:677-8.
- KIRK, G.S. (ed.) 1962. *Heraclitus: the cosmic fragments*. Cambridge: University Press.
- LOUW, N.P. van Wyk. 1958a. *Liberale nasionalisme*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- LOUW, N.P. van Wyk. 1958b. *Wêreld deur glas*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- MANSELL, B. 1977. Legal education of attorneys. *De Jure*, 10:321-6.
- MARKE, J.J. (ed.) 1964. *The Holmes reader*. 2nd ed. New York: Oceana.
- MCKEON, R. (ed.) 1941. *The basic works of Aristotle*. New York: Random House.
- MCQUOID-MASON, D.J. 1977. Clinical legal education: its future in South Africa. *Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 40:343-59.
- MILTON, J.R.L. 1975. Legal education. *De Rebus Procuratoriss*. 207-11 en 266-9.
- MORRIS, E. 1975. *Technique in litigation*. 2nd ed. Cape Town: Juta.
- NEL, W.A.H. 1975. Korrespondensie: Prokureursopleiding. *De Rebus Pro-ciratoriss*. 1975:634.
- PEIRCE, C.S. 1965. *Collected papers V & VI*. Cambridge: Belknap.
- PLATT, R.M. 1976. *The I-opener*. Englewood Cliffs: Prentice Hall.
- PONT, D. 1961. Die opleiding van die juris in Suid-Afrika. *Acta Juridica*: 1961:58-117.
- POPMA, K.J. 1969. *De universiteit: idee en praktisch*. Amsterdam: Buijten & Schipperheijn.
- PRYNN, J.L. 1980. Korrespondensie: Legal education. *De Rebus*, 1980:165.

- RORKE, R.F. 1977. Korrespondensie: Abolition of Latin. *De Rebus Procuratoriis*, 1977:502-3.
- SARTRE, J-P. 1962. *De heilige Genet: martelaar en komediant*. Utrecht: Bijleveld.
- SCHUURMAN, E. 1977. *Techniek: middel of Moloch*: Kampen: Kok.
- STOKER, H.G. 1969. *Beginsels en metodes in die wetenskap*. Johannesburg: De Jong.
- STOKER, H. G. 1970. *Die aard en rol van die reg; 'n wysgerige besinning*. Johannesburg; RAU (Publikasies A 36).
- TÓTH, K.D. 1938. *The dialectic in the political ethics of Calvinism*. (Dissertation — Union Theological Seminary.)
- VAN BLOMMENSTEIN, F. 1976. Korrespondensie: Facing facts. *The South African law journal*, 93:477-8.
- VAN BLOMMENSTEIN, F. 1979a. Korrespondensie: Bookkeeping. *De Rebus*, 1979:292.
- VAN BLOMMENSTEIN, F. 1979b. Korrespondensie: Some thoughts on the attorney's profession. *De Rebus*: 676-7.
- VAN DEN HEEVER, F.P. 1954. *Breach of promise and seduction in South African law*. Cape Town: Juta.
- VAN DER POST, C.H.P. 1975. Regshulp in Suid-Afrika. *Meditationes Medi*, 7:15-22.
- VAN RIESSEN, Ir.H. 1970. *Wijsbegeerte*. Kampen: Kok.
- Vereniging van Universiteitsdosente in die Regte, 1975. *Kongresreferate, Port Elizabeth*.
- VON KIRCHMANN, J. 1973. *Die Wertiglosigkeit der Jurisprudenz als Wissenschaft*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- WARING, A.E. 1979. Korrespondensie: System of articles of clerkship. *De Rebus*, 1979:457-8.